
## DANKBAARHEIDSMAAND



Ons het die mooi gebruik in ons gemeente om NOVEMBER af te sonder as Dankbaarheidsmaand. Die gedagte daarmee is dat ons een maand in die jaar sal afsonder om na te dink oor al die wonderlike gawes wat ons oorvloedig en genadiglik uit God se hand ontvang: fisies, geestelik, sosiaal en andersins. In die lig van ons finansiële posisie wil ons u ook oproep om opnuut nadink oor u dankoffers en ander offergawes. 'n Koevertjie word uitgedeel waarin u 'n spesiale tiende-offer kan bring. Bring dit na 'n erediens en kom gee dit self vir die Here. Indien u verhinder word, kan u dienswerker dit vir u bring. Die Bybel sê vir ons dat God 'n blymoedige gewer liefhet en belowe as ons ons volle tiende na die skatkis bring sy seën nie sal uitbly nie.

**VERLORE:** 2 x Bybels lê voor in die kerk wat agtergebly het na 'n diens. Kyk asb of dit nie aan u behoort nie.

**BEESWORS WERKERY:** Ons maak beeswors (vir diegene wat voor die vakansie goeie wors wil aankoop). Maar ons het ons gereelde helpers nodig.

Ons ontbeen Maandag 26 Nov om 08:30 by die kerksaal. Bring asb skerp messe saam.

Daarna word die wors afgeweeg en verpak Donderdag vanaf 08:00. U kan vanaf 09:00 kom koop.

## MOSSELBAAI KERSKUNSMARK

### 17-19 Desember 2018

**vanaf 08:00—18:00**

*NG Mosselbaai-Suid kerksaal, 15de Laan*

Unieke handgemaakte artikels vir Kersgeskenke teen winskoop pryse!

Kom geniet heerlike middagetes, ligte etes, snoeperye en allerlei gebak by hierdie heerlike plattelandse vakansie-ervaring!



Organiseerder:
Cecile 082 224 3865



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 25 NOVEMBER 2018**

ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"* *(Lukas 2:14)*

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Gemeentebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Afsluiting soos gereël.

**KERSSANGDIENS:** Vanaand om 18:30 in die kerkgebou. Nooi gerus u vriende en familie saam!

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Danie ), Vleesbaai (dr M Pauw).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Vonkelvroue.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Begin weer in 2019. Sterkte met eksamens en hou lekker vakansie!

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag om 15:00 by Santos 2. Dinsdag 09:30 Kerkgebou.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00. Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

**Dinsdag:** Geen gebedsbyeenkoms.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Robert).

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die "gat".

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

# ANDER INLIGTING

**KOSKAS:** November is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Jeugwerk was R2613-40.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**SIEKES IN DIE HOSPITAAL:** Onthou asb om die kerkkantoor of die dominee te laat weet, as u of 'n geliefde of wykslid in die hospitaal is.

**HERBERG KINDERHUIS:** Daar bly baie min kinders van Huis C oor tydens die Desembervakansie. Ons beplan om die eerste week na die skoolvakansie in Januarie eetgoed, ens na die Kinderhuis te neem. Die volgende word oa benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep, vadoeke). Toiletware (Shampoe, toiletseep, handeroom, waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsie, polonie en kaas. "Chips & Snacks", Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 10 Januarie 2019 in by kerkkantoor.
As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak asseblief vir Joey de Jager 073 298 8142 of 044-691 0116.

**SPESIALE KOSPAKKIES VIR DIE FEESSEISOEN:** Daar is tans 24 gesinne wat elke maand 'n kospakkie ontvang. Met die komende Fees- en Vakansieseisoen wil ons graag aan die gesinne 'n spesiale pakkie gee, maar ons begroting laat ons egter nie toe nie. Daar word jaarliks begroot hoeveel daar op kospakkies gespandeer kan word, maar die stygende pryse laat ons nie toe om daardie ekstras aan te koop nie. Hiermee wil ons dus 'n vriendelik versoek rig vir bydraes.
Ons benodig onder andere die volgende: hoender, jellie, vlapoeier, ingemaakte vrugte, koekies, blikkies vleis en vis, lekkers, koekies, blikkies groente. Enige bydra is welkom.
Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie.
Handig asb in voor die einde van November. Aankope word gedoen die eerste week van Desember. Navrae: Joey de Jager 0732988142 of 044 6910116.

**KERSSANGDIENS:** Ons Kersangdiens gaan 'n fees wees. Dit begin om 18:30. Ons kinderkerk groepie gaan voor die diens by die deure staan. Bring asb droë voedselprodukte saam, die kinders sal dit by die deure neem. Ons gaan dit vir die Haven nagskuiling skenk.



# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir November: God se Heerlikheid**

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Die kinders wat belydenis van geloof afgelê het - toewyding en volharding.
* Strand- en vakansiedienste Desember landwyd (ook Vleesbaai).
* 1 Des is Wêreld Vigsdag - bid vir versorgers, vigwesies en veral dat mense 'n verantwoordelike lewenstyl sal handhaaf.
* Dat leuens wat via sosiale media versprei word aan die kaak gestel sal word (oortreding van die 9de gebod).
* Matrieks, studente en ander kinders se eksamen - dissipline, volharding en ondersteuning.
* Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad wat professionele dienste bied vir straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en werkloses.
* Verenigende Christen-Studentevereniging (VCSV) - help kinders en jongmense om teen hedendaagse probleme en Godloosheid bestand te wees sodat hulle as jong Christene uitstaan in die wêreld (takke in skole, jeugkampe, uitreike, stranddienswerk, avontuurbediening en lewensvaardigheids-programme.)

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Vir die Heerlikheid van God - Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen. (Rom 11:36)
* Every Home For Christ, Christelike Lektuurfonds, Youth With a Mission (YWAM) wat op unieke wyse die Woord uitdra.
* Gemeentes wat sendelinge uitstuur en ondersteun.
* Die Kerssangdiens.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Bessie Zietsman Santos Haven
Joyce Vosloo Santos Haven
Karen Kritzinger (ds André se eggenote)
Helen Jooste Santos Haven
Johan Meyer 12de Laan
David Johnson Vleesbaai
George Deerans Vleesbaai
Gerhard Nel Boggomsbaai
Bertus Louw Santos Haven
Estelle vd Merwe Maroelastr

